



Kwartaal 4 Week 8

29 Van tragedie na wêreldtoer

Willie Smit is 'n lid van die internasionale fietsryspan Katusha Alpecin. Hier is sy verstommende verhaal. Willie Smit het grootgeword met 'n ma wat 'n alkoholis was en hy is heeltemal verwaarloos. Hy het nie skool toe gegaan nie en het vir homself leer sorg. Hy het die meeste van sy tyd saam met sy vriende in die townships deurgebring. Toe hy 12 jaar oud is, het kindersorg hom in die toesig van sy grootouers geplaas. Dit is hier waar hy sport ontdek het, veral fietsry. Dit het sy lewe verander. Hy het ook geleer gholf, rugby, skaak en krieket speel. Hy het baie uitdagings gehad om te oorkom. Hy het gesukkel om by 'n roetine aan te pas, skool toe te gaan, op gereelde tye te slaap, huiswerk te doen en selfs by 'n tafel te eet. Hy was net nie gewoond aan sulke dinge nie. Hy was dikwels siek as gevolg van die verwaarloosing wat hy as kind gely het.



Sy tannie en neef het 'n groot invloed op sy lewe gehad. Sy tannie het hom leer lees, skryf en skilder. Sy het hom lewenslesse geleer en uit die moeilikheid gehou.

Sy raad aan jongmense wat met fietsry wil begin, is om by die regte mense betrokke te raak – mense wat van fietsry weet.

Lees die verslag en beantwoord die vrae in volsinne.

- 1 Hoekom is Willie Smit beroemd?
- 2 Hoekom is Willie se storie so wonderlik?
- 3 Wat het hy gedoen tot hy 12 jaar oud was?
- 4 Aan watter sportsoorte het hy deelgeneem?
- 5 Noem drie uitdagings wat hy moes oorkom.
- 6 Wat het sy tannie hom geleer?
- 7 Watter raad het Willie vir jongmense wat by fietsry betrokke wil raak?

30 Transformasie van vorme

Verplasing is die beweeg van 'n voorwerp in 'n reguit lyn. Die voorwerp 'gly' in 'n bepaalde rigting. 'n Voorbeeld is 'n voorwerp op 'n vervoerband.

Wanneer 'n voorwerp roteer, draai dit om 'n bepaalde punt.







'n Voorbeeld is 'n windmeul.

'n Voorwerp word reflekteer wanneer dit 'n spieëlbeeld van homself maak.

Wanneer 'n voorwerp groter word, maar dieselfde vorm behou, word dit vergroting genoem.

Wanneer 'n voorwerp kleiner word, maar dieselfde vorm behou, word dit verkleining genoem.

Lees die omskrywings versigtig. Teken die vorms en skryf die korrekte transformasie langs die vorme.

		a	b	c
1		vergroot	verklein	geroteer
2		weerspieël	geroteer	verklein
3		vergroot	verplaas	geroteer
4		weerspieël	geroteer	verklein
5		weerspieël	geroteer	verplaas
6		verklein	weerspieël	vergroot